



Share a picture book!

November is **International Picture Book Month**! It's a time to celebrate those special books with wonderful stories and beautiful pictures that we all love so much. Picture books are meant to be read aloud, so this makes them the perfect reading resource for sharing stories with children. Here are some of our tips to help you do this.

SHARE THE STORY

1. Start by spending some time looking at and talking about the book's front cover. Don't forget to read the story's title and the names of the author and illustrator.
2. Make sure that the children can see the pictures as you read. Sit close together if you are reading to one or two children. With more children, have them sit in front of you and hold up the book to show them the pictures as you read the story.
3. Involve your children! Younger children often enjoy turning the pages. Invite older readers to read the words of one of the characters, or a paragraph or two of the story.
4. Try different things to make stories come alive. Use different voices for different characters. Read softly in quiet, gentle parts of a story. Read quickly if a character is in a hurry or is being chased. Read in a big, booming voice for loud noises in the story.
5. Allow time for your children to look at the pictures and spend time looking closely at the pictures together. Comment on things you are curious about or that you notice and like. Encourage your children to do the same.
6. Encourage your children to ask questions. Answer them if you can, or look for the answers together by re-reading and discussing parts of the story, and looking at some of the pictures again.



AFTER READING

1. Talk about the story together. Encourage your children to share their opinions of the ways in which the characters in the story behaved and the choices they made.
2. Find ways for children to explore the story you have read to them. For example, they could retell and act out parts of the story, or they could draw a picture of something the story makes them feel or think of, or they could write a letter to one of the story characters.

Which stories?

- ★ Choose picture books that you enjoy, but also ones that match your children's changing interests.
- ★ Repeat stories. Children often like to hear their favourite stories again and again. They discover new things about the story each time you read it.

Watter stories?

- ★ Kies prentboeke wat jy geniet, maar ook boeke wat by jou kinders se veranderende belangstellings pas.
- ★ Herhaal stories. Kinders hou dikwels daarvan om hul gunstelingstories weer en weer te hoor. Hulle ontdek elke keer nuwe dinge oor die storie wanneer jy dit lees.



Drive your
imagination

Deel 'n prentboek!

November is **Internasionale Prentboekmaand**! Dit is 'n tyd om daardie spesiale boeke met wonderlike stories en pragtige prente waarvan ons almal so baie hou, te vier. Prentboeke is bedoel om hardop gelees te word, en dit maak hulle die perfekte leeshulpbron om stories met kinders te deel. Hier is van ons wenke om jou te help om dit te doen.

DEEL DIE STORIE

1. Begin deur tyd te maak om na die boek se omslag te kyk en daaroor te praat. Moenie vergeet om die storie se titel en die name van die skrywer en illustreerder te lees nie.
2. Maak seker die kinders kan die prente sien terwyl jy lees. Sit naby mekaar as jy vir een of twee kinders lees. As jy vir meer kinders lees, laat hulle voor jou sit, en lig die boek op om vir hulle die prente te wys terwyl jy die storie lees.
3. Betrek jou kinders! Jonger kinders geniet dit dikwels om die bladsye om te blaai. Nooi ouer lesers om die woorde van een van die karakters of 'n paragraaf of twee van die storie te lees.
4. Probeer verskillende dinge om die storie lewendig te maak. Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters. Lees sag in kalm, rustige dele van 'n storie. Lees vinnig wanneer 'n karakter haastig is of gejaag word. Lees met 'n diep, bulderende stem as daar harde geluide in die storie is.
5. Maak tyd vir jou kinders om na die prente te kyk, en ook om dan saam met hulle na die prente te kyk. Lewer kommentaar op dinge waaroor jy nuuskierig is of wat jy oplet en waarvan jy hou. Moedig jou kinders aan om dieselfde te doen.
6. Moedig jou kinders aan om vrae te vra. Beantwoord hulle vrae as jy kan, of soek saam na die antwoorde deur dele van die storie weer te lees en te bespreek, en kyk ook weer na sommige van die prente.



NADAT JY GELEES HET

1. Gesels saam oor die storie. Moedig jou kinders aan om hul opinies te deel oor die maniere waarop die karakters in die storie optree en die keuses wat hulle maak.
2. Vind maniere vir kinders om die storie wat jy vir hulle gelees het, te verken. Hulle kan byvoorbeeld dele van die storie oortel en opvoer, of hulle kan 'n prent teken van iets waaraan die storie hulle herinner of laat voel, of hulle kan 'n brief aan een van die karakters skryf.



We will be taking a break until the **week of 17 January 2020**. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die **week van 17 Januarie 2020**. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplesier!

IT STARTS WITH
A STORY.

DIT BEGIN MET
'N STORIE.



The Nal'ibali bookshelf



In celebration of International Picture Book Month, here are some of the latest children's picture books published in South Africa. Which ones would you and your children like to try?



Wanda

Authors: Sihle Nontshokweni and Mathabo Tlali

Illustrators: Chantelle and Burgen Thorne

Publisher: Jacana Media

Wanda is brave and strong, but the boys on the school bus always tease her about her hair. She wants to be proud of her hair, but she worries that her teacher will say it looks like a bird's nest. So, every day, she tries to neaten her hair to fit in. Luckily Grandma's hair secrets and stories give her the courage to face her fears, and Wanda realises that her hair is a crown and not a burden. *Wanda* is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu.



Die Nal'ibali-boekrak



Ter viering van Internasionale Prentboekmaand volg hier van die jongste kinderprentboeke wat in Suid-Afrika uitgegee is. Watter van hulle sal jy en jou kinders graag wil lees?

Wanda

Skrywers: Sihle Nontshokweni en Mathabo Tlali

Illustreerders: Chantelle en Burgen Thorne

Uitgewer: Jacana Media

Wanda is dapper en sterk, maar die seuns op die skoolbus terg haar altyd oor haar hare. Sy wil trots wees op haar hare, maar sy is bang haar onderwyseres sal sê dit lyk soos 'n voëlnes. Sy probeer daarom elke dag om haar hare netjies te maak sodat sy kan inpas. Gelukkig gee haar ouma se haargeheime en -stories haar die moed om haar vrese in die oë te kyk, en Wanda besef haar hare is 'n kroon, en nie 'n las nie. *Wanda* is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

Quill Soup

Author: Alan Durant

Illustrator: Dale Blankenaar

Publisher: David Philip Publishers

Noko, the porcupine, is very hungry. On arriving at a village, he asks the other animals for some food and shelter, but they say they have nothing to spare. So Noko comes up with a plan to cook a pot of soup using his quills – a soup so tasty that even the king likes it. Once the villagers hear of his plan, they offer Noko just enough ingredients to make a soup fit for a king. *Quill Soup* is illustrated by international award-winning Dale Blankenaar, and is available in 11 South African languages.



dp davidphilip
Trading as New Africa Books



Ystervarkpensop

Skrywers: Alan Durant, Elna van der Merwe

Illustreerder: Dale Blankenaar

Uitgewer: David Philip Publishers

Noko, die ystervark, is baie honger. Wanneer hy by 'n dorpie aankom, vra hy vir die ander diere kos en skulping, maar hulle sê hulle het niks ekstra nie. Noko maak dus 'n plan om 'n pot sop van sy penne te kook – en die sop is so heerlik dat selfs die koning daarvan hou. Wanneer die mense van die dorpie van sy plan hoor, gee hulle vir Noko net genoeg bestanddele om sop te maak wat geskik is vir 'n koning. *Ystervarkpensop* is deur die internasionaal bekroonde Dale Blankenaar geïllustreer en is in 11 Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.


The Best Meal Ever!

Author: Sindiwe Magona

Illustrator: Paddy Bouma

Publisher: David Philip Publishers

Mama is away and Siziwe has been left in charge of her little brothers and sisters – and Sango, the dog. But as night falls over Gugulethu, the children are hungry and there is nothing to eat. Siziwe knows it's her responsibility to make a plan, but what can she do with no money, no food and no adult to help? *The Best Meal Ever!* is available in 11 South African languages.



dp davidphilip
Trading as New Africa Books

Die Lekkerste Ete Ooit!

Skrywers: Sindiwe Magona, Elna van der Merwe

Illustreerder: Paddy Bouma

Uitgewer: David Philip Publishers

Mamma is weg en Siziwe moet na haar jonger boeties en sussies kyk – en na Sango, die hond. Maar toe dit aand word in Gugulethu, is die kinders honger en daar is niks om te eet nie. Siziwe weet dit is haar verantwoordelikheid om 'n plan te maak, maar wat kan sy doen sonder enige geld, of kos, of 'n grootmens om haar te help? *Die Lekkerste Ete Ooit!* is in 11 Suid-Afrikaanse tale beskikbaar.


Gogo's List

Author: Portia Dery

Illustrator: Toby Newsome

Publisher: Jacana Media

Fatima is determined to save the day. She wants to help Gogo with her to-do list so that everyone will realise that she is a big girl now. But things don't go exactly as expected. Fatima loses the list and has to try and remember everything that was written on it! Will she be able to? *Gogo's List* is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu. It has won The Golden Baobab Prize for Picture Books and the 2018 Africana Book Award.



Ouma se Lysie

Skrywer: Portia Dery

Illustreerder: Toby Newsome

Uitgewer: Jacana Media

Fatima is vasbeslote om te help. Sy wil vir Ouma help met haar lysie werkies wat sy moet doen sodat almal sal besef dat sy groot is. Maar dinge verloop nie presies volgens plan nie. Fatima verloor die lysie en moet probeer om alles wat daarop geskryf was, te onthou! Sal sy kan? *Ouma se Lysie* is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu. Dit het The Golden Baobab Prize vir Prentboeke en die 2018 Africana Book Award gewen.



Drive your
imagination


Yes Yanga!

Author: Refiloe Moaholi

Illustrator: Mogau Kekana

Publisher: Pan Macmillan

Yanga is the 3 Tins champion in his community. His life changes completely when his 3 Tins skills are channelled into cricket. Read about how Yanga's crazy talent takes him from local school team to the global sporting stage as one of the stars of the South African Cricket World Cup team. *Yes Yanga!* is available in English and isiXhosa.



PAN MACMILLAN

Yes Yanga!

Skrywer: Refiloe Moaholi

Illustrerder: Mogau Kekana

Uitgewer: Pan Macmillan

Yanga is die Drie Blikkies-kampioen in sy gemeenskap. Sy lewe verander heeltemal wanneer hy sy talent in Drie Blikkies gebruik om krieket te speel. Lees hoe Yanga se ongelooflike talent hom van die plaaslike skoolspan na die wêreldwye sportarena neem as een van die sterre van die Suid-Afrikaanse span by die Wêreldbeker-kriekettoernooi. *Yes Yanga!* is beskikbaar in Engels en isiXhosa.



Where is Naledi?

Authors: Elisa Sandoval-Serés, Helen Spence-Jones, Melissa de Bruin

Illustrators: Young Ha Suh, Samantha Loström

Publisher: David Philip Publishers

Naledi is a meerkat pup who gets lost and separated from her family. The humans catch her and put her in a cage! There, she meets Diriba, an adult meerkat who has been a pet for a long time. Diriba warns her that there are lots of bad things about being a pet, so Naledi runs away to look for her family. Meanwhile, her family keeps searching for her in the desert. There are lots of dangers when you are alone in the wild! Will Naledi find her family? *Where is Naledi?* is available in 11 South African languages.



dp davidphilip
Trading as New Africa Books

Waar is Naledi?

Skrywers: Elisa Sandoval-Serés, Helen Spence-Jones, Melissa de Bruin, Elna van der Merwe

Illustrerders: Young Ha Suh, Samantha Loström

Uitgewer: David Philip Publishers

Naledi is 'n klein meerkatjie wat wegraak en van haar familie geskei word. Die mense vang haar en sit haar in 'n hok! Daar ontmoet sy vir Diriba, 'n volwasse meerkat wat al lank 'n troeteldier is. Diriba waarsku haar dat baie nare dinge gebeur wanneer jy 'n troeteldier is, en daarom hardloop Naledi weg om na haar familie te gaan soek. Intussen hou haar familie aan om in die woestyn na haar te soek. Daar is baie gevare wanneer jy alleen in die natuur is! Sal Naledi haar familie vind? *Waar is Naledi?* is beskikbaar in 11 Suid-Afrikaanse tale.


The Gift of the Sun

Author: Dianne Stewart

Illustrator: Jude Daly

Publisher: Jacana Media

All Thulani wants is a simple life basking in the sun. Tired of milking the cow, he exchanges it for a goat ... the goat for a sheep ... the sheep for three geese ... until all he has left is a pocket of sunflower seeds! But the sunflower seeds feed the hens, the hens lay more eggs than ever, and before long, Thulani is enjoying the gift of his newfound fortune. *The Gift of the Sun* is available in English, Afrikaans, isiXhosa and isiZulu.



Die Son se Groot Geskenk

Skrywer: Dianne Stewart

Illustrerder: Jude Daly

Uitgewer: Jacana Media


Al wat Thulani wil hê, is 'n eenvoudige lewe waar hy in die son kan bak. Omdat hy moeg daarvan is om die koei te melk, ruil hy dit vir 'n bok ... en die bok vir 'n skaap ... en die skaap vir drie ganse ... tot hy net 'n sak vol sonneblomsaad oor het! Maar die sonneblomsaad voer die hennie, die hennie lê meer eiers as ooit, en kort voor lank geniet Thulani die gawe van sy nuutgevonde fortuin. *Die Son se Groot Geskenk* is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

South African Animal Portraits A-Z

Author and illustrator: Nicolaas Maritz

Publisher: David Philip Publishers

Meet the mammals, reptiles, insects and birds who live in the veld, desert, forests and ponds of South Africa. From the ant-eating aardvark to the zebra spitting cobra, there is a new friend on every page. This alphabet book is packed with beautiful illustrations and includes the scientific name of each animal. *South African Animal Portraits A-Z* is available in English.



dp davidphilip
Trading as New Africa Books

South African Animal Portraits A-Z

Skrywer en illustreerder: Nicolaas Maritz

Uitgewer: David Philip Publishers

Ontmoet die soogdiere, reptiele, insekte en voëls wat in die veld, woestyn, woude en damme van Suid-Afrika woon. Van die miervretende erdvark tot die sebraslang, is daar 'n nuwe vriend op elke bladsy. Hierdie alfabetboek is propvol illustrasies en sluit die wetenskaplike name van elke dier in. *South African Animal Portraits A-Z* is beskikbaar in Engels.


The Go-Away Bird

Author: Julia Donaldson

Illustrator: Catherine Rayner

Publisher: Pan Macmillan

One by one, the birds fly into the tree where the Go-Away bird sits. They want to talk or play, but the Go-Away bird just shakes her head and sends them all away. Then a dangerous bird comes along, and the Go-Away bird soon realises that she might need some friends after all. This beautifully-illustrated story has been written in rhyme by best-selling author, Julia Donaldson, and is available in English.



PAN MACMILLAN

The Go-Away Bird

Skrywer: Julia Donaldson

Illustrerder: Catherine Rayner

Uitgewer: Pan Macmillan

Een vir een vlieg die voëls na die boom waar die kwêvoël (*go-away bird*) sit. Hulle wil gesels of speel, maar die kwêvoël skud net haar kop en jaag hulle almal weg. Dan kom daar 'n gevaarlike voël aan en die kwêvoël beseft gou dat sy dalk tog vriende nodig het. Hierdie pragtig geïllustreerde storie in rymvorm is geskryf deur die trefferboekskrywer, Julia Donaldson, en is beskikbaar in Engels.



Drive your
imagination

Enjoy picture books!

Here are some ideas to help you and the children in your life celebrate **International Picture Book Month**.

- **Choose your favourite.** Make a list of all the picture books you and your children read together during November. Then at the end of the month, vote for your favourite book. The picture book that gets the most votes is the winner!
- **Tell the story.** Choose a picture book that none of you has read before. Read the title together. Next, page through the book, and while looking at the pictures, tell your own story to go with them. Afterwards, read the story that the author wrote. How was the story you told, similar and/or different to the one that the author wrote?
- **Try something new.** During November try reading picture books by authors you haven't tried before. Also, choose picture books with different styles of illustration. You may find a new favourite picture book!
- **Make your own picture book.** Make up a story with your children and then write it down on sheets of paper. Get everyone involved in drawing the pictures. Use staples or string to bind the book together. Don't forget to give your books a cover! (Tip: You can find instructions on how to bind a book and make a book cover that lasts in Edition 161.)
- **Be a picture book ambassador.** If you have a Facebook page, challenge your friends to celebrate International Picture Book Month by reading a picture book to a child every day during November. Share some of the ideas on this page with them too. If you're on Twitter or Instagram, use the hashtag #internationalpicturebookmonth. Tweet or post about the importance of picture books and let your followers know what they can do to help grow a love of reading in children.

Geniet prenteboeke!

Hier volg 'n paar idees om jou en die kinders in jou lewe te help om **Internasionale Prenteboekmaand** te vier.

- **Kies julle gunsteling.** Maak 'n lys van al die prenteboeke wat jy en jou kinders in November saam lees. Stem dan aan die einde van die maand vir jul gunstelingboek. Die prenteboek met die meeste stemme is die wenner!
- **Vertel die storie.** Kies 'n prenteboek wat nie een van julle al voorheen gelees het nie. Lees saam die titel. Blaai daarna deur die boek en vertel julle eie storie wat by die prente pas terwyl julle na elk van die prente kyk. Lees na die tyd die storie wat die skrywer geskryf het. Hoe was die storie wat julle vertel het soortgelyk aan/of anders as die een wat die skrywer geskryf het?
- **Probeer iets nuuts.** Probeer gedurende November prenteboeke lees van skrywers wie se boeke julle nog nie voorheen gelees het nie. Kies ook prenteboeke met verskillende illustrasiestyle. Julle mag dalk 'n nuwe gunsteling-prenteboek vind!
- **Maak julle eie prenteboek.** Maak saam met jou kinders 'n storie op en skryf dit dan op velle papier neer. Laat almal help om die prente te teken. Gebruik krammetjies of tou om die boek te bind. Moenie vergeet om vir jul boeke 'n omslag te maak nie! (Wenk: Jy kan in Uitgawe 161 instruksies vind oor hoe om 'n boek te bind en 'n boekomsag te maak wat sal hou.)
- **Wees 'n prenteboekambassadeur.** As jy 'n Facebook-blad het, daag jou vriende uit om Internasionale Prenteboekmaand te vier deur elke dag in November 'n prenteboek vir 'n kind te lees. Deel ook van die idees op hierdie bladsy met hulle. As jy op Twitter of Instagram is, gebruik die hutsmerk #internationalpicturebookmonth. Stuur 'n twiet of plaas 'n inskrywing oor die belangrikheid van prenteboeke, en laat jou volgelinge weet wat hulle kan doen om 'n liefde vir lees by kinders te kweek.




Create TWO cut-out-and-keep books

How many dogs?

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Why Dog is afraid of storms

1. To make this book use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

Hoeveel honde?

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Hoekom Hond so bang is vir storms


1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Drive your imagination

Hy dink so hard dat hy al amper die parfuum kan ruik. En hy sien nie hoe die reënwolke soos 'n kombers bo hom oopsprei nie.

He thought so hard that he could almost smell the perfume. He did not notice the rain clouds spreading like a blanket above him.



Hond dink en dink ...

Dog thought and thought ...



We publish what we like

This is an adapted version of *Why Dog is afraid of storms* published by Jacana Media and available in bookstores and online from www.jacana.co.za. This story is available in English, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sesotho and Setswana. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to www.jacana.co.za.

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Hoekom Hond so bang is vir storms*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by www.jacana.co.za. Hierdie storie is beskikbaar in Engels, Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sesotho en Setswana. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na www.jacana.co.za.

© Jacana Media (World rights) Tel: 011 628 3200

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your imagination

Why Dog is afraid of storms

Hoekom Hond so bang is vir storms



Maryanne Bester
Shayle Bester
Karen de Wet

Toe kom 'n koei 'n treetjie nader en fluister in Hond se oor. Sy sê hy kan in hul modder rol, 'n plekkie in hul skaduwee kry, saam hardloop in 'n wilde resies om die dam EN ook 'n bottel ekstra stink muishondparfuum kry.




Then a cow came forward and whispered in Dog's ear. She offered him a roll in their mud, a place in their shade, a mad race around the dam AND an extra-smelly bottle of polecat perfume.



It was the end of the dry season and Dog's best friend was tired. He asked Dog to watch the cattle in the kraal and went off to rest.

Then Dog stopped thinking ...
He swung open the gate.



When the sun comes out, Dog forgets the terror of the storm. He runs to his best friend and is happy. But he will never again trust those mischievous cattle!

Maar as die son weer uitkom, vergeet Hond hoe bang hy vir die storm was. Dan hardloop hy opgewonde en bly na sy beste vriend toe. En die onnutsige beeste? Vir hulle vertrou hy so nooit as te nimmer weer nie!



Aan die einde van die droë seisoen is Hond se beste vriend moeg. Hy vra vir Hond om die beeste in die kraal op te pas en gaan rus.



Toe hou Hond op dink... en hy maak die hek oop.




He believes he will again be trampled by many loud hooves.

Omdat hy bang is hy word weer vertrap onder die baie hoewe van die bulkende beeste.

So next they offered him a roll in their mud, a place in their shade AND a mad race around the dam.
Dog thought about it. But he still would not open the gate.
Toe sê hulle hy mag in hul modder rol, 'n plekkie in hul skaduwee kry EN saam hardloop in 'n wilde resies om die dam.
Hond dink daaroor. Maar hy wil steeds nie die hek oopmaak nie.



Dog sat down at the kraal gate. The cattle greeted Dog and he listened as they discussed the coming rains. He was too young to have ever seen a rainstorm.
Then the cattle began to offer gifts to Dog – if he would only open the gate.



But at that moment, a sharp light cracked across the sky, and he heard what sounded like a great whip striking the ground.



... and he hides away.
... en gaan wegkruip.

Iets ruik lekker.




Something smells good.


Ses honde.
Six dogs.



Vyf honde.
Five dogs.



How many dogs? Hoeveel honde?



Ruth Cousins

Reproduced by kind permission of The Little Hands Trust and the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). To find out more about PRAESA, go to www.praesa.org.za.

Gereproduseer met die goedgeunstige toestemming van The Little Hands Trust en die Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA). Om meer uit te vind oor PRAESA, gaan na www.praesa.org.za.




Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi





No dogs.
Geen honde nie.



Four dogs.



4

Vier honde.



Three dogs.



3

Drie honde.



One dog.
Een hond.




1



Two dogs.
Twee honde.



2



Maar op daardie oomblik ontplof
'n helder, skerp lig deur die lug en hy
hoor 'n knal wat die grond met die
klank van 'n sweepsag tref.



... AND a place in their shade.
Dog thought about it. But he
would not open the gate.


Hond dink daaroor. Maar hy wil nie die hek
oopmaak nie.

... EN 'n plekkie in hul skaduwee kry.



And that is why when Dog smells the storm and
hears the thunder, his eyes grow wild, he begins
to shake ...

En dit is waarom Hond,
wanneer hy 'n storm ruik
en donderweer hoor,
met groot, starende oë al
bibberend begin bewe ...



Hond gaan sit by die kraal se hek. Die beeste groet hom
en hy luister hoe hulle praat oor die reën wat op pad is.
Hy is nog veels te jonk – hy het nog nooit 'n reënstorm
beleef nie.

Toe begin die beeste vir Hond geskenke aanbied – as
hy maar net die hek sal oopmaak.

Toe sê hulle hy mag in hul modder rol ...



Then they offered him a roll in their mud ...



First they offered him a roll in their mud.
Dog thought about it. But he would not open the gate.

Eers sê hulle
hy mag in hul
modder rol.
Hond dink
daaroor.
Maar hy wil
nie die hek
oopmaak nie.

Then the terrifying sound of drumming hooves filled his ears, as all the cattle charged right over him – and out of the gate.



En toe hoor hy net die gedreun van hoewe, rammelend soos tromme in sy ore, soos al die beeste sommer bo-oor hom almal gelyk by die hek uitstorm!

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Why Dog is afraid of storms* (pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12), *How many dogs?* (pages 9 and 10) and *Hair magic* (page 14).

Why Dog is afraid of storms

★ Talk about the story.

- ☐ What do you think of the way that the cattle behaved towards Dog?
- ☐ Do you think it was wrong of Dog to open the gate? Why or why not?
- ☐ If the boy had asked you to look after the cattle, is there something that someone could have promised you which would have made you open the gate? What would it be?
- ☐ If Dog had kept the gate shut, do you think he would still be afraid of storms? Why or why not?

★ What are you scared of? Tell a friend or family member the story of how you came to be scared of one of these things.

Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Hoekom Hond so bang is vir storms* (bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12), *Hoeveel honde?* (bladsye 9 en 10) en *Towerhare* (bladsy 15).

Hoekom Hond so bang is vir storms

★ Praat oor die storie.


- ☐ Wat dink julle van die manier waarop die beeste teenoor Hond opgetree het?
- ☐ Dink julle dit was verkeerd van Hond om die hek oop te maak? Hoekom of hoekom nie?
- ☐ As die seun julle gevra het om na die beeste te kyk, is daar iets wat iemand julle kon belowe het wat julle die hek sou laat oopmaak het? Wat sou dit wees?
- ☐ As Hond die hek toegehou het, dink julle hy sou steeds bang gewees het vir storms? Hoekom of hoekom nie?

★ Waarvoor is jy bang? Vertel vir 'n vriend of familielid die storie van hoe jy bang geword het vir hierdie ding of dinge.



How many dogs?

- ☆ Use the pictures to retell the story in your own way.
- ☆ People who are hearing impaired communicate by using sign language. Try out the signs used in this story.
- ☆ Make your own counting book for the numbers one to ten. Can you make your book bilingual?



Hoeveel honde?

- ☆ Gebruik die prente om die storie op jou eie manier oor te vertel.
- ☆ Mense wat gehoorgestrem is, kommunikeer met gebaretaal. Oefen die gebare wat in hierdie storie gebruik word.
- ☆ Maak jou eie telboek vir die getalle van een tot tien. Kan jy jou boek tweetalig maak?

Hair magic

★ Think about your hair.

- ☐ What do you like the most about your hair?
- ☐ Do you like to keep your hair in the same style – or do you enjoy having it in different styles?
- ☐ Are there other hairstyles that you would like to try?
- ☐ What is your favourite hairstyle? Why do you like it?

★ Draw a picture of yourself with your favourite hairstyle!



Towerhare

★ Dink oor jou hare.

- ☐ Waarvan hou jy die meeste van jou hare?
- ☐ Hou jy daarvan om jou hare in dieselfde styl te hou – of geniet jy dit om verskillende style te probeer?
- ☐ Is daar enige ander haarstyle wat jy graag wil probeer?
- ☐ Wat is jou gunsteling-haarstyl? Waarom hou jy daarvan?

★ Teken 'n prent van jouself met jou gunsteling-haarstyl!



Hair magic



By Mbali Kgame ■ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly

Zinhle loved skipping in the playground with her friends Sindi and Zongi. Just one thing worried her. When her friends skipped, their hair flew up and down, and flicked from side to side. Zinhle had a thick mop of soft hair that formed a big round shape, and it never moved in the same way as theirs did.



One Saturday morning Zinhle asked her mother, "Mama, why doesn't my hair grow down like my friends' hair? Their hair flies about when they skip. It looks so pretty! It makes me sad that my hair doesn't move like that. It just stays still!"

"Your hair may be different from your friends' hair, but it's just as beautiful as theirs!" said Mama. Zinhle made a sad face, but her mama just smiled at her. "Look around you, Zinhle," she said. "Your hair grows from the roots up, like the trees and plants. It's also round and big, just like the earth we live on. You can play around with it too and make beautiful patterns and shapes in it. Your hair is magical – and *that* is special!"

These words made Zinhle happy. She ran outside to tell her friends about her magical hair. But when she told Zongi and Sindi what Mama had said, they just looked at each other, and burst out laughing.

"How can hair be magic?" asked Zongi.

"Ha-ha-ha!" laughed Sindi. "Don't joke like that, Zinhle! Magic? Never!"

Zinhle's eyes filled with tears, but she didn't cry. She didn't want Zongi and Sindi to laugh at her again.

Just then, the girls saw Gogo waving to them. She was standing in her doorway nearby.

"Look, Gogo's calling us," said Zinhle.

The three children loved helping Gogo. She told them lots of stories and gave them dried fruit every time they visited her. So Zinhle, Zongi and Sindi hurried to find out why Gogo was calling them.

"I'm not well today," said Gogo. "I want to send you to kwaNtuli to get some medicine."

The children were sad to hear that Gogo wasn't well and agreed to go and get her some medicine.

"I'll draw you a map so you won't get lost," said Gogo. "The map will lead you to Baba Ntuli's place, and he'll give you some herbs." Then Gogo went inside to find paper and a pencil to draw the map. She looked in her drawer, but she couldn't find any paper. "I'll have to make another plan," she said.

She looked carefully at each of the girls. Then she said, "Zinhle, you have very beautiful hair. It looks strong. I will braid cornrows to make a map in your hair. The map will help you get to kwaNtuli."

Gogo sat on her favourite red chair, and Zinhle sat on the mat in front of her. Gogo braided Zinhle's hair. The other girls watched eagerly. As Gogo combed and braided different patterns, Zongi and Sindi were amazed by the length of Zinhle's hair.

"Wow! Your mama is right," said Sindi. "Your hair really IS magical! It looks so short, but it's longer than you think!"

"It's true," said Zongi. "It's a big surprise!"


Zinhle smiled at them happily.

When Gogo had finished braiding Zinhle's hair, the cornrows looked just like a map to guide the children to kwaNtuli! As they walked along the narrow paths through the veld, Zongi and Sindi often stopped and studied Zinhle's hair to make sure that they were still going in the right direction. While they walked, they sang a song they had made up:

*"Gogo's not well,
Gogo's not well.
We're going to kwaNtuli,
we're going to fetch herbs –
herbs to make Gogo well!"*

The children finally arrived at kwaNtuli. There Baba Ntuli gave them two packets of herbs for Gogo. On their way home the girls again used Zinhle's cornrow map to guide them. When they arrived safely at Gogo's house, they gave her the medicine.

The next morning, Zinhle, Zongi and Sindi went to Gogo's house to see if she was better. When they arrived, they found her watering her garden.



"Good morning, my children," said Gogo with a big smile. "I'm feeling much stronger today, all thanks to you!"

The girls were happy to hear that they had helped Gogo, but they were thinking about something else too.

"Gogo, would you please braid my hair the same way you did Zinhle's hair?" asked Sindi.

"Mine too, please!" said Zongi.

"Of course," said Gogo. "Come inside."

During news time at school the next morning, the three friends told their class all about their magic hairstyles. At break, they had just started skipping when some children asked to see their cornrows that made a map to kwaNtuli. "It really is magic," said someone, and everyone else agreed.



Drive your
imagination



Towerhare

Deur Mbali Kgame ■ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Zinhle hou daarvan om op die speelgrond saam met haar maats, Sindi en Zongi, tou te spring. Net een ding pla haar. Wanneer haar maats spring, wip hulle hare op en af, en waai heen en weer. Zinhle het 'n dik bos sagte hare wat groot en rond om haar kop uitwaai, en dit beweeg nooit soos hulle s'n nie.



Een Saterdagoggend vra Zinhle vir haar ma: "Mamma, hoekom is my hare nie soos my maats se hare nie? Hulle hare waai heen en weer wanneer hulle spring. Dit lyk so mooi! Dit maak my hartseer as my hare nie soos hulle s'n beweeg nie. My hare staan net stil!"

"Jou hare is dalk anders as jou maats se hare, maar dit is net so mooi soos hulle s'n!" sê Mamma. Zinhle trek 'n hartseer gesig, maar haar mamma glimlag net vir haar. "Kyk om jou rond, Zinhle," sê sy. "Jou hare groei van hul wortels af op, soos die bome en plante. Dis ook groot en rond, nes die aarde waarop ons woon. Jy kan daarmee rondspeel en pragtige patrone en vorms daarin maak. Jou hare is towerhare – en *dit* is spesiaal!"

Hierdie woorde maak Zinhle gelukkig. Sy hardloop buitentoe om vir haar maats van haar towerhare te gaan vertel. Maar toe sy vir Zongi en Sindi vertel wat Mamma gesê het, kyk hulle net na mekaar en bars uit van die lag.

"Wat maak jou hare towerhare?" vra Zongi.

"Ha-ha-ha!" lag Sindi. "Moenie grappies maak nie, Zinhle! Towerhare? Nooit!"

Zinhle se oë skiet vol tran, maar sy huil nie. Sy wil nie hê Zongi en Sindi moet weer vir haar lag nie.

Net toe sien die meisies hoe Gogo vir hulle waai. Sy staan by die voordeur van haar huis.

"Kyk, Gogo roep ons," sê Zinhle.

Die drie kinders hou baie daarvan om vir Gogo te help. Sy vertel vir hulle baie stories en elke keer wanneer hulle vir haar gaan kuier, gee sy vir hulle droëvrugte. Daarom hardloop Zinhle, Zongi en Sindi om uit te vind hoekom Gogo hulle roep.

"Ek voel nie vandag lekker nie," sê Gogo. "Ek wil julle na kwaNtuli stuur om medisyne te gaan haal."

Die kinders is hartseer om te hoor dat Gogo siek voel en stem in om vir haar medisyne te gaan haal.

"Ek sal vir julle 'n kaart teken sodat julle nie verdwaal nie," sê Gogo. "Die kaart sal julle na mn. Ntuli se plek toe lei, en hy sal vir julle kruie gee." Toe gaan Gogo binnetoe om papier en 'n potlood te gaan haal om die kaart te teken. Sy kyk in haar laai, maar daar is nie papier nie. "Ek sal 'n ander plan moet maak," sê sy.

Sy kyk goed na elkeen van die meisies. Dan sê sy: "Zinhle, jy het pragtige hare. Dit lyk sterk. Ek sal klein vlegseltjies in rye op jou kop vleg om 'n kaart in jou hare te maak. Die kaart sal julle help om by kwaNtuli uit te kom."

Gogo gaan sit op haar geliefde rooi stoel, en Zinhle gaan sit op die mat voor haar. Gogo vleg Zinhle se hare. Die ander meisies hou haar met groot belangstelling dop. Terwyl Gogo verskillende patrone kam en vleg, is Zongi en Sindi verstom oor hoe lank Zinhle se hare is.

"Sjoe! Jou mamma is reg," sê Sindi. "Jy HET regtig towerhare! Dit lyk so kort, maar dis langer as wat 'n mens dink!"

"Dis waar," sê Zongi. "Dis 'n groot verrassing!"


Zinhle glimlag bly vir hulle.

Toe Gogo Zinhle se hare klaar gevleg het, lyk die vlegseltjies net soos 'n kaart om die kinders na kwaNtuli te lei! Terwyl hulle langs die smal paadjies deur die veld stap, gaan staan Zongi en Sindi gereeld en kyk na Zinhle se hare om seker te maak hulle stap nog in die regte rigting. Terwyl hulle stap, sing hulle 'n liedjie wat hulle opgemaak het:

*"Gogo voel olik,
Gogo voel olik.
Ons gaan na kwaNtuli,
ons gaan kruie haal –
kruie om Gogo gesond te maak!"*

Uiteindelik kom die kinders by kwaNtuli aan. Daar gee mn. Ntuli vir hulle twee sakkies kruie vir Gogo. Op pad huis toe gebruik die meisies weer Zinhle se vlegseltjie-kaart om vir hulle die pad te wys. Toe hulle veilig by Gogo se huis aankom, gee hulle vir haar die medisyne.

Die volgende oggend gaan Zinhle, Zongi en Sindi na Gogo se huis toe om te kyk of sy beter voel. Toe hulle daar aankom, is sy besig om haar tuin nat te lei.



"Goeiemôre, meisies," sê Gogo met 'n breë glimlag. "Ek voel vandag baie sterker, en dis alles aan julle te danke!"

Die meisies is bly om te hoor dat hulle vir Gogo gehelp het, maar hulle dink ook aan iets anders.

"Gogo, sal jy asseblief my hare soos Zinhle s'n vleg?" vra Sindi.

"Myne ook, asseblief!" sê Zongi.

"Natuurlik," sê Gogo. "Kom ons gaan binnetoe."


Die volgende oggend by die skool toe hulle hul nuus met die klas deel, vertel die drie maats vir hul klas van hul towerhare. Toe hulle pouse begin touspring, wil van die kinders die vlegseltjies sien wat 'n kaart na kwaNtuli vorm. "Julle het regtig towerhare," sê iemand, en almal stem saam.

1.

Are you a star storyteller?

Look at the pictures below. Can you make up a story based on all or some of these pictures? You could tell your story to a group of friends, or write it down so that you can read it to others later.

- Decide which picture you want to use for the start of your story.
- Then look at the other pictures and decide in what order you could use them to create a story.
- Now, write or tell your story and use words to fill in the gaps between the pictures to create your story.
- Many different stories can be created from the pictures. The story you write or tell will depend on the order you use the pictures in, the ideas you have and how you weave them together into a story!
- You may want to cut out the pictures to use with your story.
- Don't forget to give your story an interesting title.



Is jy 'n storieverteller van formaat?

Kyk na die prente hieronder. Kan jy 'n storie opmaak wat oor al of sommige van hierdie prente gaan? Jy kan jou storie vir 'n groep maats vertel of dit neerskryf sodat jy dit later vir ander kan lees.

- Besluit watter prent jy vir die begin van jou storie wil gebruik.
- Kyk dan na die ander prente en besluit in watter volgorde jy hulle kan gebruik om 'n storie te skep.
- Skryf of vertel nou jou storie en gebruik woorde om die leemtes tussen die prente in te vul om jou storie te skep.
- Baie verskillende stories kan uit die prente gemaak word. Die storie wat jy skryf of vertel, sal afhang van die volgorde waarin jy die prente gebruik, die idees wat jy het, en hoe jy dit in 'n storie saamweef!
- Jy sal dalk van die prente wil uitknip om saam met jou storie te gebruik.
- Moenie vergeet om vir jou storie 'n interessante titel te gee nie.

2.

Can you help Hope?

When Hope got home from school, she found a note in the kitchen that her mom had left for her. Hope was so thirsty that she decided to pour herself a glass of orange juice before reading the note. But as she was pouring the juice, some of it spilled onto the note and now she can't read all the words! Can you help her guess what the missing words in the note might be?

Hi _____
I have gone to buy some _____
to make sandwiches for your school lunch
tomorrow. I will buy some more _____
juice too. On my way home from the _____
I am going to stop at the library to borrow some
more _____
Please start doing your homework. See you soon!
Love _____



Hallo _____
Ek het _____
gaan koop om môre toebrödjies vir jou
kosblik te maak. Ek sal ook nog _____-sap
koop. Op pad huis toe van die _____
af, gaan ek by die biblioteek stop om nog _____ uit
te neem. Begin asseblief met jou huiswerk.
Sien jou netnou!
Liefde _____

We will be taking a break until the
week of 17 January 2020. Join us
then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot die
week van 17 Januarie 2020.
Sluit dan weer by ons aan vir nog
Nal'ibali-leesplesier!

Antwoorde: 2. Hope, bread, orange, shop/supermarket, books, Mom/Mommy

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us by calling our call centre on 02 11 80 40 80, or in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Skakel ons inbelsentrum by 02 11 80 40 80, of kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org www.nalibali.mobi [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust and Tiso Blackstar Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

Sowetan
IN THE KNOW ON THE MOVE.



Drive your
imagination

